**SUID-AFRIKA VERKIES AS NUWE VOORSITTER VAN DIE AFRIKA FORUM VIR BELASTINGADMINISTRASIE**

**6 Desember 2024, Kigali** - Suid-Afrika, verteenwoordig deur Kommissaris Edward Kieswetter, is op 4 Desember 2024 tydens die Afrika Forum vir Belastingadministrasie (ATAF) se 8ste alegemene vergadering in Kigali, Rwanda onbestrede verkies as die nuwe voorsitter van die ATAF-raad vir 'n tydperk van twee jaar. Ter ondersteuning van SARS se strategiese oogmerk wat fokus op die behoefte en belangrikheid om saam met en deur sleutelbelanghebbendes te werk om die belastingekosisteem binnelands, in die streke en internasionaal te verbeter.

Die forum is Afrika se voorstaande kontinentale liggaam met die taak om lede te ondersteun om doeltreffende belastingadministrasies te bou om sodoende ekonomiese ontwikkeling in die binneland te verbeter en, ewe belangrik, die lewenstandaarde van die mense van Afrika te verbeter. Die ATAF-raad verskaf strategiese leierskap en rigting aan die werk van ATAF wat die belasting- en inkomste-administrasies van Afrika dien.

Die impak van ATAF word weergegee in sy uitvoerende sekretariaat se mees onlangse verslag aan sy algemene vergadering wat gerapporteer het dat ATAF 3,242 belastingbeamptes uit 47 lande in die 2023 - 2024-tydperk opgelei het. Daarby het ATAF, deur sy hulpverleningsprogramme aan lande, bygedra tot die invordering van USD 702 miljoen in belastinginkomste wat andersins nie ingevorder sou wees nie.

Suid-Afrika het 'n lankbestaande verhouding met ATAF en sy gasheerland nadat ons, na ATAF se stigting in 2009, hulle tussendtydse sekretariaat aangebied het en die organisasie 'n volkome onafhanklike internasionale organisasie geword het. Oor Suid-Afrika se verkiesing het Kommissaris Kieswetter sy opregte waardering uitgespreek vir die vertroue wat lede in Suid-Afrika plaas om die organisasie te lei en het Suid-Afrika se toewyding verseker om seker te maak dat die organisasie altyd die belange van sy lede dien. "Suid-Afrika bring die ondervinding van sy eie transformasie na die tafel onderwyl hulle volhard op hul reis jeens die bou van 'n slim, moderne SARS met onbetwisbare integriteit wat vertroud en bewonder is."

Suid-Afrika se verkiesing kom op 'n tydstip waartydens die land presidentskap van die G20 opgeneem het en hulself verbind het om te verseker dat die mobilisering van plaaslike hulpbronne hoog op die G20- en internasionale agenda lê - hulpbronne is 'n belangrike komponent vir lande om hulle volhoubare ontwikkelingsdoelwitte volgens G20 te bereik. Dit is ook 'n belangrike tyd onderwyl ATAF sy ondersteuning verder tot die Afrika Unie en die Afrika Groeplede konsolideer by die Verenigde Nasies (VN) se samesprekings oor die ontwikkeling van die VN-raamwerkkonvensie oor internasionale belastingsamewerking wat poog om beter inklusiwiteit in internasionale belasting te bewerkstellig terwyl die tegniese vordering wat gemaak is behoue bly en versterk word, en die inklusiewe raamwerk oor basis-erosie en winsverskuiwing (BEPS) geïmplementeer word.

Hierdie aanstelling erken Suid-Afrika se posisie in die internasionale belasting- en doeanewêreld, en volg Kommissaris Kieswetter se leierskap van WCO en ondervoorsitterskap van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OECD) se forum vir belastingadministrasies.

Vir meer inligting, kontak ons by SARSMedia@sars.gov.za.